“**Institusionele Reëls**” die reëls deur die Universiteit uitgevaardig ooreenkomstig artikel 32 van die Wet, insluitende al die reglemente en beleidsdokumente van die Universiteit;

“**Kanselier**” die persoon soos bedoel in Hoofstuk 3;

“**Konvokasie**” die Konvokasie soos bedoel in Hoofstuk 9;

“**kwalifikasie**” 'n sertifikaat, diploma of graad soos goedgekeur deur die Senaat en Raad;

“**Minister**” die Minister verantwoordelik vir tersiële onderrig;

“**nie-akademiese werknemer**” 'n werknemer wat nie 'n akademiese werknemer is nie;

“**professor**” 'n akademiese werknemer of enige ander persoon aan wie die Universiteit die titel van professor toegeken het, en sluit in 'n mede-, adjunk-, honorêre en buitengewone professor;

“**Raad**” die Universiteit se beheerliggaam soos bedoel in Hoofstuk 5;

“**Senaat**” die liggaam verantwoordelik vir akademiese aangeleenthede soos bedoel in Hoofstuk 6;

“**senior bestuur**” die Hoofbestuur asook die Dekane van al die fakulteite en hoofde/direkteure van ondersteuningsdienste sodanig aangewys deur die Rektor: Met dien verstande dat dit vir doeleindes van paragraaf 37(1)(c) net die Hoofbestuur beteken;

“**setel van die Universiteit**” die setel soos bedoel in paragraaf 2 van hierdie Statuut en artikel 65A van die Wet;

“**skriftelike kennisgewing**” enige kennisgewing in skrif en sluit in enige kennisgewing wat uitgestuur word soos bedoel in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies (Wet No. 25 van 2002), of enige wet wat hierdie wet wysig of vervang;

“**Statuut**” die statuut wat ingevolge artikel 32 van die Wet uitgevaardig en van krag is;

“**student**” ’n persoon wat vir ’n kwalifikasie aan die Universiteit geregistreer is;

“**TuksAlumni**” die vereniging van persone met lidmaatskap soos uiteengesit in die Grondwet van TuksAlumni;

“**Uitvoerende Direkteur**” ’n persoon wat deur die Raad aangestel is om die Rektor by te staan soos bedoel in paragraaf 12;

“**verteenwoordigende werknemersorganisasie**” ’n organisasie wat bestaan uit werknemers wat vir doeleindes van die regulering van die verhouding tussen werknemers en die Universiteit georganiseer is in ’n personeelvereniging of vakbond en wat deur die Hoofbestuur erken word op die voorwaardes waarop die Hoofbestuur en die werknemersorganisasie ooreengekom het, en waarvan die erkenning en voorwaardes op skrif gestel is in ’n kollektiewe erkenningsooreenkoms;

“**Viserektor**” ’n persoon wat deur die Raad aangestel is om die Rektor by te staan soos bedoel in paragraaf 12;

“**VSR**” die Verteenwoordigende Studenteraad soos bedoel in paragraaf 59;

“**werknemer**” ’n akademiese of nie-akademiese werknemer van die Universiteit;

“**werksaamhede**” ook bevoegdhede en pligte en andersom;

“**Wet**” die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997) soos gewysig.

## HOOFSTUK 2

### INSTELLING

**2. Naam, setel en bevoegdhede.**– (1) Die naam van die Universiteit is die “Universiteit van Pretoria”.

(2) Die amptelike straatadres van die Universiteit is: Universiteit van Pretoria, h/v Roperstraat en Lynnwoodweg, Hillcrest, Pretoria, Suid-Afrika. Die amptelike posadres van die Universiteit is: Universiteit van Pretoria, Privaatsak X20, Hatfield, Pretoria 0028, Suid-Afrika.

(3) Die setel van die Universiteit is in die metropolitaanse gebied van Tshwane.

(4) Die Universiteit bedryf sy akademiese aktiwiteite binne die jurisdiksie van die Tshwane Plaaslike Owerheid, by sy Bestuurskool in Illovo, Johannesburg, Gauteng, asook in eMalahleni (Witbank) en Mbombela (Nelspruit) in Mpumalanga.

(5) Die Universiteit van Pretoria is ’n universiteit wat opgerig is ingevolge die Wet en is ’n regspersoon soos bedoel in artikel 20(4) van die Wet.

(6) Die Universiteit funksioneer ooreenkomstig die Wet, die Statuut en die Institusionele Reëls van die Universiteit.

(7) Die Universiteit mag grade en eregrade toeken.

(8) Die Universiteit en entiteite wat in die geheel onder sy beheer is, mag ooreenkomstig artikels 65B en 65C van die Wet en Hoofstuk 10 van hierdie Statuut, in eie naam diplomas en sertifikate toeken.

**3. Taalbeleid.**– (1) Die Universiteit verskaf onderrig in Afrikaans en Engels waar dit redelik en prakties moontlik is.

(2) Die Universiteit se taalbeleid is op die volgende faktore gebaseer –

- (a) grondwetlike en statutêre voorskrifte;
- (b) die demografiese samestelling en taalvoorkeur van sy studente;
- (c) die bevordering en instandhouding van Afrikaans en Engels as wetenskapstale en mediums van onderrig;
- (d) die bevordering en gebruik van Sepedi as kommunikasietaal;
- (e) om 'n bydrae te maak tot die bevordering van die ander amptelike tale as wetenskapstale en mediums van onderrig; en
- (f) die praktiese uitvoerbaarheid van onderrig in 'n spesifieke taal in die lig van die finansiële, personeel- en fasiliteitsbeperkings binne die Universiteit.

(3) Die taalbeleid sal op so 'n wyse geïmplementeer word dat beide Afrikaans en Engels as akademiese tale oor die lang termyn uitgebou en versterk word.

**4. Samestelling van die Universiteit.**– (1) Die Universiteit bestaan uit –

- (a) 'n Kanselier;
- (b) 'n Rektor;
- (c) Viserektore;
- (d) Uitvoerende Direkteure;
- (e) 'n Raad;
- (f) 'n Senaat;
- (g) 'n Registrateur;
- (h) 'n Konvokasie;
- (i) 'n Institusionele Forum;
- (j) die fakulteite, departemente, skole en ander akademiese strukture in die Universiteit soos deur die Raad bepaal;
- (k) die akademiese werknemers van die Universiteit;
- (l) die nie-akademiese werknemers van die Universiteit;
- (m) die Verteenwoordigende Studenteraad;
- (n) die studente van die Universiteit;
- (o) die onderskeie ondersteuningsdienste en ander ampte, liggame of entiteite soos deur die Raad ingestel; en

(p) al die Universiteit se eiendomme en bates.

(2) Geen vakature in enige van die ampte soos bedoel in subparagraaf (1) nog enige tekort in die aantal of gebrek in die samestelling van die liggame of strukture in subparagraaf (1) bedoel, raak of beperk die Universiteit se regs persoonlikheid of enige werksaamhede, regte of voorregte deur die Wet of hierdie Statuut aan die Universiteit of die Raad of die Senaat verleen nie: Met dien verstande dat geen besluit van die Raad of Senaat geldig is nie tensy dit geneem is tydens 'n vergadering waar 'n kworum aanwesig was en daar wesenlik voldoen is aan die bepalings van die reëls wat op so 'n vergadering betrekking het.

### HOOFSTUK 3

#### KANSELIER

**5. Werksaamhede van Kanselier.**– (1) Die Kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en het geen uitvoerende magte nie.

(2) Die Kanselier ken alle grade, diplomas en sertifikate in die naam van die Universiteit toe.

(3) In die Kanselier se afwesigheid word grade deur die Rektor of deur een van die Viserektore toegeken. Diplomas en sertifikate word deur ampsdraers toegeken wat vir daardie doel deur die Raad aangewys is.

(4) Die Kanselier voer sodanige ander pligte uit as wat die Raad aan hom of haar opdra, onderhewig aan die bepalings van paragraaf 5(1).

**6. Verkiesing en aanstelling van Kanselier.**– (1) Die Kanselier word gekies deur 'n kieskollege wat bestaan uit die lede van die Raad en die Senaat, die President van die Konvokasie en die lede van die Raad van TuksAlumni.

(2) Indien die amp van Kanselier vakant word, gee die Registrateur, handelende as Sekretaris van die Konvokasie, kennis van die vakature aan die lede van die kieskollege en versoek nominasies vir 'n opvolger.

(3) Geen persoon sal verkies word nie, tensy hy of sy, met sy of haar skriftelike toestemming, skriftelik deur minstens twee lede van die kieskollege genomineer word en sodanige nominasies die Registrateur minstens sestig dae voor die vergadering in paragraaf 6(5) bedoel, bereik.

(4) Na die sluitingsdatum vir nominasies moet 'n spesiale vergadering van die Institusionele Forum gehou word voor die vergadering soos bedoel in paragraaf 6(5), sodat die Forum die nominasies kan oorweeg en die kieskollege kan adviseer oor die aanstelling van 'n kandidaat as Kanselier.

(5) Die Registrateur belê 'n vergadering van die kieskollege deur minstens twee weke voor die vasgestelde datum van sodanige vergadering 'n skriftelike kennisgewing aan elke lid van die kieskollege te stuur met vermelding van die tyd, datum, plek en doel van die vergadering.

(6) Tydens die vergadering in paragraaf 6(5) bedoel, lê die Registrateur die nominasies vir 'n finale besluit aan die kieskollege voor.

(7) Dertig lede van die kieskollege vorm 'n kworum.

(8) Die Rektor tree by 'n vergadering van die kieskollege as voorsitter op en indien hy of sy afwesig is, kies die aanwesige lede een van die Viserektore om as voorsitter vir die betrokke vergadering op te tree.

(9) Die verkiesing geskied by wyse van geslote stembriewe en 'n meerderheid van die persone aanwesig by die vergadering soos bedoel in paragraaf 6(5) moet vir die suksesvolle kandidaat stem. Elke lid van die kieskollege het een stem en die voorsitter het ook 'n beslissende stem.

(10) Indien geen kandidaat 'n meerderheid stemme verwerf nie, vind opeenvolgende stemrondtes plaas.

(11) In elke opeenvolgende stemrondte word die kandidaat met die minste stemme uitgeskakel.

(12) Nadat die kieskollege 'n Kanselier verkies het, word sy of haar naam so gou as moontlik op 'n gepaste tyd deur die voorsitter van die kieskollege bekend gemaak.

**7. Ampstermyn.**— (1) Die Kanselier word vir 'n termyn soos deur die Raad bepaal, maar vir hoogstens vyf jaar, verkies, tensy sy of haar ampstermyn ooreenkomstig paragraaf 7(4) en (5) beëindig word.

(2) 'n Persoon kan vir meer as een ampstermyn verkies word.

(3) Indien die Kanselier om welke rede ook al nie in staat is om sy of haar ampspligte na te kom nie of indien die kanseliersamp vakant word, rus die pligte van die Kanselier op die Rektor.

(4) Die ampstermyn van die Kanselier word beëindig in geval van

(a) dood of onbevoegdheid;

(b) bedanking; of

(c) verwydering uit die amp deur die kieskollege ingevolge paragraaf 7(5).

(5) Die Kanselier kan net deur middel van 'n besluit van die meerderheid van die kieskollege soos bedoel in paragraaf 6(1) uit sy of haar amp verwyder word, en ook net nadat aan die Kanselier geleentheid gebied is om te antwoord op die redes wat die kieskollege vir sodanige verwydering verskaf het.

## HOOFSTUK 4

### UISEKANSIELIER EN REKTOR, UISEREKTORE, UITVOERENDE DIREKTEURE EN REGISTRATEUR

#### UISEKANSIELIER EN REKTOR

**8. Status.**– Die Rektor is die Visekanselier van die Universiteit en *ex officio* die hoof uitvoerende en rekenpligtige beampte daarvan.

**9. Werkzaamhede van die Rektor.**– (1) Die Rektor is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Universiteit en beskik oor al die bevoegdhede wat nodig is om sodanige pligte uit te voer.

(2) Die Rektor is die Universiteit se hoof uitvoerende beampte en is in die finale instansie verantwoordelik vir die dissipline by die Universiteit.

(3) Die Raad moet aan die Rektor al die bevoegdhede delegeer wat nodig is vir die uitvoering van sy of haar pligte.

(4) Die Rektor mag op sy of haar beurt pligte aan ander werknemers of die voorsitter van enige komitee delegeer.

(5) Die Rektor doen verslag aan die Raad.

(6) Die Rektor is *ex officio* lid van al die komitees van die Raad en die Senaat, behalwe die Menslike Hulpbronskomitee van die Raad en die Oudit- en Risikobestuurskomitee van die Raad wat hy of sy mag bywoon.

(7) Die Raad kan ooreenkomstig artikel 68(2) van die Wet bykomende werkzaamhede, bevoegdhede en voorregte aan die Rektor toeken.

(8) Indien die Rektor afwesig is of nie in staat is om sy of haar pligte na te kom nie, kan hy of sy ingevolge artikel 68(3) van die Wet al sy of haar bevoegdhede en pligte oordra aan 'n lid van die Hoofbestuur.

**10. Aanstelling van Rektor.**– (1) Behoudens artikel 31(1) van die Wet, geskied die advertering van die pos, die uitnodiging vir nominasies van en aansoeke deur kandidate, die soeke na geskikte kandidate, die kriteria vir die samestelling van kortlyste van kandidate, die voer van onderhoude en die aanstellingsproses op die wyse soos bepaal deur die Raad en die Institusionele Reëls van die Universiteit.

(2) Die Raad stel die Rektor aan na raadpleging met die Senaat en die Institusionele Forum: Met dien verstande dat wanneer die eerste termyn van 'n Rektor verstryk het en hy of sy heraangestel word vir 'n periode wat saam met enige vorige termyn(e) as Rektor nie tien jaar oorskry nie, beraadslaging met die Senaat en Institusionele Forum nie vereis word nie.

**11. Ampstermyn van Rektor.**– Die Rektor word deur die Raad aangestel vir 'n kontrakteel-oreengekome tydperk: Met dien verstande dat die Rektor nie aangestel word vir 'n termyn wat tien jaar op 'n keer oorskry nie.

#### **VISEREKTORE, UITVOERENDE DIREKTEURE EN REGISTRATEUR**

**12. Pligte.**– Die Viserektore, Uitvoerende Direkteure en Registrateur staan die Rektor by in die bestuur en administrasie van die Universiteit en het die bevoegdhede en pligte aan hulle opgelê deur die Raad, hierdie Statuut, die Institusionele Reëls van die Universiteit asook dié wat deur die Rektor aan hulle gedelegeer is.

**13. Aanstelling en ampstermyne.**– Die Viserektore, Uitvoerende Direkteure en Registrateur word aangestel op die wyse en vir die termyne soos bepaal deur die Raad en die Institusionele Reëls.

### **HOOFSTUK 5**

#### **RAAD**

**14. Werksaamhede.**– (1) Die Raad beheer die Universiteit onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Statuut.

(2) Die Raad moet al die pligte uitvoer wat hierdie Statuut daaraan oplê.

(3) Die Raad het 'n beheer en beleidmakende verantwoordelikheid by die Universiteit, moet die nakoming van beleid monitor en is in die besonder verantwoordelik vir die neerlê van riglyne met betrekking tot –

(a) strategiese beheer;

(b) finansiële beheer;

(c) personeelaangeleenthede;

(d) die skep van 'n positiewe akademiese klimaat;

(e) dissiplinêre aangeleenthede ten opsigte van personeel en studente; en

(f) die toelatings- en taalbeleid van die Universiteit: Met dien verstande dat die taalbeleid en aspekte van die toelatingsbeleid met instemming van die Senaat bepaal word soos vereis in artikels 27 en 37 van die Wet.

(4) Die Raad mag komitees aanwys om dit met die uitvoering van sy pligte by te staan.

(5) Die Institusionele Forum voorsien die Raad van skriftelike advies oor die aangeleenthede vermeld in artikel 31(1)(a) van die Wet.

(6) Die Raad moet, onderhewig aan artikel 34 van die Wet, persone dienooreenkomstig die menslike hulpbronbeleide soos vervat in die Institusionele Reëls, aanstel wat die Raad nodig ag om die Universiteit doeltreffend te bestuur: Met dien verstande dat geen persoon deur die Raad

as 'n akademiese werknemer aangestel word nie behalwe na oorleg met die Senaat of 'n komitee van die Senaat.

(7) Die Raad mag die bevoegdheid soos uiteengesit in subparagraaf (6) hierbo aan die Rektor delegeer, met die reg om verder te delegeer, in ooreenstemming met die Universiteit se beleid in hierdie verband.

(8) Die Raad moet volledige rekords hou van al sy werksaamhede asook van alle bates, laste, inkomste, uitgawes en ander finansiële transaksies soos vereis in artikel 41(1) van die Wet en moet aan die Minister verslag doen soos beoog in artikel 41(2) van die Wet.

(9) Die Raad moet, na oorleg met die VSR, in die Universiteit se Institusionele Reëls voorsiening maak vir 'n struktuur of strukture om die Raad met advies te bedien oor die lewering van studentedienste aan die Universiteit.

**15. Samestelling.**– (1) Die Raad word soos volg saamgestel –

- (a) die Rektor;
- (b) die Viserektore;
- (c) drie lede van die Senaat;
- (d) ses persone deur die Raad aangestel op grond van hulle kundigheid en ervaring, onder andere op die gebied van onderwys, algemene bestuur, finansiële bestuur, menslike hulpbronne, tegnologie en belegging;
- (e) vier persone wat lede is van die Konvokasie van die Universiteit, verkies ingevolge paragraaf 48(7);
- (f) twee studente lede soos bedoel in paragraaf 17(3);
- (g) vyf persone deur die Minister aangewys ingevolge artikel 27(4)(c) van die Wet;
- (h) een persoon aangewys deur 'n plaaslike owerheidsinstelling in wie se gebied die Universiteit se setel is, om die gemeenskappe wat deur die Universiteit bedien word te verteenwoordig;
- (i) twee persone verkies uit die geledere van die donateurs van die Universiteit;
- (j) een werknemer verkies uit die geledere van die akademiese werknemers; en
- (k) een werknemer verkies uit die geledere van die nie-akademiese werknemers.

(2) Raadslede word verkies of aangewys ingevolge die bepalings van paragraaf 17 van hierdie Statuut.

**16. Ampstermyne.**– (1) Die Rektor en die Viserektore is lede van die Raad vir solank hulle hul poste beklee.

(2) Die ampstermyne van verteenwoordigers van die VSR is dieselfde as dié van die VSR wat hulle aangestel het.



(3) Alle ander lede se ampstermyn is vier jaar: Met dien verstande dat 'n lid se ampstermyn vir 'n maksimum van ses maande deur die Raad verleng mag word indien die Raad van mening is dat spesiale omstandighede dit vereis.

(4) Lede, wie se ampstermyne verstryk het, mag herkies of weer aangestel word.

(5) 'n Raadslid se lidmaatskap word beëindig indien –

(a) die Raadslid versuim om drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die Raad, sonder verlof van die Raad, by te woon;

(b) die Raadslid se boedel gesekwestreer word;

(c) die Raadslid aan 'n misdaad skuldig bevind word wat volgens die uitsluitlike oordeel van die Raad van so 'n ernstige aard is dat die lid se voortgesette lidmaatskap van die Raad nie wenslik is nie;

(d) die Raadslid deur 'n bepaalde belangegroep gekies of aangewys is en die Raadslid se lidmaatskap of verbintenis met die belangegroep beëindig word;

(e) die Raadslid die ouderdom van sewentig jaar bereik het;

(f) die Raad beslis dat 'n botsing van belange ontstaan het, soos om 'n Raadslid van 'n ander hoër onderwysinstelling in Suid-Afrika te wees; of

(g) die Raadslid die Raad se gedragsreëls oortree het.

(6) Buiten die Rektor, Viserektore, verteenwoordigers van die Senaat en verteenwoordigers van die werknemers en studente wat aangewys is ingevolge paragraaf 17(3) om op die Raad te dien, mag geen ander Raadslid 'n permanente of tydelike werknemer of student van die Universiteit wees nie en indien dit sou gebeur, verval so 'n Raadslid se lidmaatskap van die Raad onmiddellik.

(7) 'n Raadslid is geregtig om te eniger tyd sy of haar bedanking skriftelik by die Voorsitter van die Raad in te dien.

**17. Verkiesings- en aanwysingsprosedures.**– (1) Senaatsverteenwoordigers op die Raad word verkies ingevolge die prosedure soos voorgeskryf in Hoofstuk 6.

(2) Die werknemerverteenwoordigers op die Raad word uit die geledere van die akademiese en nie-akademiese werknemers verkies ingevolge 'n proses onder die beheer van die Registrateur en wat die volgende behels –

(a) Die Registrateur bied binne 'n redelike tyd voor 'n bepaalde verkiesingsdatum

(i) aan elke permanente akademiese werknemer 'n geleentheid om 'n permanente akademiese werknemer te nomineer om die permanente akademiese werknemers op die Raad te verteenwoordig; en

(ii) aan elke permanente nie-akademiese werknemer 'n geleentheid om 'n permanente nie-akademiese werknemer te nomineer om die permanente nie-akademiese werknemers op die Raad te verteenwoordig.

- (b) Elke genomineerde kandidaat moet deur ten minste tien permanente werknemers gesekondeer word (in geval van 'n akademiese genomineerde moet hulle akademiese werknemers wees en in geval van 'n nie-akademiese genomineerde moet hulle nie-akademiese werknemers wees) en so 'n persoon moet skriftelik teenoor die Registrateur aandui dat hy of sy die nominasie aanvaar.
  - (c) Na die sluiting van die nominasies tref die Registrateur reëlings vir 'n verkiesing volgens algemeen aanvaarde verkiesingsprosedures.
  - (d) Permanente akademiese werknemers stem vir die vakature wat deur 'n permanente akademiese werknemer gevul moet word en permanente nie-akademiese werknemers stem vir die vakature wat deur 'n permanente nie-akademiese werknemer gevul moet word.
  - (e) 'n Verkiesing is net geldig indien ten minste vyftien persent van die permanente akademiese werknemers of permanente nie-akademiese werknemers, na gelang van die geval, daaraan deelgeneem het.
  - (f) Die Registrateur maak die uitslag van die stemming bekend.
  - (g) Die Registrateur bepaal, na oorleg met die Direkteur van Menslike Hulpbronne, of 'n werknemer van die Universiteit, of 'n werknemer van die Universiteit wat gesamentlik deur die Universiteit en 'n ander liggaam aangestel is, as 'n akademiese of 'n nie-akademiese werknemer kwalifiseer.
  - (h) Indien 'n werknemer ingevolge sy of haar pligstaat beide akademiese en nie-akademiese pligte verrig, word die spesifieke werknemer geag 'n akademiese werknemer te wees.
- (3) Die studente lede op die Raad word op 'n gewone of spesiale vergadering van die VSR aangewys volgens die aanwysingsprosedure van die VSR.
- (4) Die verkiesing van Raadslede uit die geledere van die donateurs van die Universiteit geskied ooreenkomstig Hoofstuk 13 van hierdie Statuut.
- (5) Die lede van die Raad wat op die Raad aangestel word vanweë hulle kundigheid en ervaring, word by wyse van 'n proses aangewys onder die beheer en toesig van die Registrateur:
- (a) Die Registrateur plaas 'n advertensie in twee nasionale koerante en op die Universiteit se webtuiste waarin hy of sy 'n uitnodiging rig aan organisasies, belangegroepe en individue om persone te nomineer om vanweë hul kundigheid en ervaring, soos deur die Raad bepaal, op die Raad te dien: Met dien verstande dat indien die advertensies volgens die Raad se mening nie bevredigende reaksie ontlok het nie, die Raad organisasies of individue kan versoek om bykomende persone te nomineer.
  - (b) Die Vaste Komitee van die Raad kan, na oorleg met die Registrateur, 'n lys van die geskikste genomineerdes opstel vir aanbeveling aan die Raad: Met dien verstande dat die name van alle genomineerdes tydens die Raadsvergadering ter tafel gelê moet word.

(c) Die Raadslede word op 'n gewone of 'n buitengewone vergadering van die Raad verkies uit die geledere van die genomineerdes, na oorweging van die aanbevelings van die Vaste Komitee van die Raad.

(6) In die verkiesing van lede vir die Raad soos in subparagraaf (5) beoog, hou die Raad daarmee rekening dat, benewens die vereiste kundigheid en ervaring van die individuele kandidate, dit ook wenslik is om 'n breë en gebalanseerde verteenwoordiging ten opsigte van geslag en ras op die Raad te hê.

(7) Die proses vir die aanwysing van Raadslede soos in paragrafe 15(1)(g) en 15(1)(h) bedoel, word deur die Registrateur beheer: Met dien verstande dat die Raad die plaaslike owerheidsinstelling in paragraaf 15(1)(h) bedoel, aanwys.

(8) Indien daar 'n toevallige vakature op die Raad ontstaan, geld die proses wat gevolg moet word om die vakature te vul, met die nodige veranderings, soos hierbo uiteengesit.

(9) 'n Nuwe Raadslid wat verkies of aangewys word om 'n vakature te vul wat voor die verstryking van die laaste ampsbekleër se ampstermyn ontstaan het, word vir die volle termyn van die betrokke amp verkies.

**18. Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris.**– (1) Die Raad kies uit die geledere van Raadslede wat nie werknemers of studente van die Universiteit is nie 'n voorsitter en hy of sy beklee die amp vir 'n termyn van twee jaar.

(2) Indien die amp van voorsitter om enige ander rede as tydsverloop vakant word, kies die Raad 'n opvolger vir die onverstreke deel van die ampstermyn van die voorganger.

(3) Die Raad kies uit die geledere van Raadslede wat nie werknemers of studente van die Universiteit is nie 'n Ondervoorsitter en hy of sy beklee die amp vir 'n termyn van twee jaar.

(4) In die afwesigheid van die Voorsitter tree die Ondervoorsitter van die Raad as voorsitter op en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

(5) Die Registrateur is die Sekretaris van die Raad ingevolge artikel 26(4)(b) van die Wet.

**19. Vergaderings en vergaderingsprosedure.**– (1) Die Raad vergader minstens een keer per semester op 'n tyd en plek deur die Raad bepaal.

(2) Die Raad bepaal sy eie vergaderingsprosedure met behoorlike inagneming van die algemeen aanvaarde norme van billike administratiewe prosesse.

(3) Sestien lede teenwoordig vorm 'n kworum.

(4) Minstens sewe dae voor 'n gewone vergadering en minstens drie dae voor 'n buitengewone vergadering van die Raad, stuur die Registrateur aan elke lid 'n skriftelike kennisgewing van die datum, tyd en plek van die vergadering asook 'n sakelys met stawende dokumentasie, indien enige.

(5) Lede wat bykomende besprekingspunte op die sakelys wil plaas, rig 'n skriftelike versoek aan die Registrateur binne 'n redelike tyd voor die datum van die vergadering.

(6) Dringende sake kan tydens 'n vergadering met instemming van 'n meerderheid van die aanwesige lede op die sakelys geplaas word.

(7) Die Registrateur hou volledige notule van elke Raadsvergadering.

(8) Die Raad neem besluite by wyse van 'n meerderheidstem van die aanwesige lede.

(9) Die voorsitter van die vergadering het 'n gewone en 'n beslissende stem.

(10) Behoudens die bepalings van subparagraaf (4), kan die voorsitter te eniger tyd 'n buitengewone vergadering belê met vermelding van die besprekingspunt of besprekingspunte.

(11) Die voorsitter moet op versoek van die Rektor of op die versoek van minstens vyf Raadslede 'n buitengewone vergadering belê: Met dien verstande dat die gronde vir die versoek op skrif is en die besprekingspunte kortliks gestel is.

(12) Geen Raadslid mag aan 'n bespreking deelneem of oor 'n saak stem waarin hy of sy 'n regstreekse geldelike, ekonomiese of persoonlike belang het nie, tensy hy of sy vooraf die aard en omvang van die belang openbaar en verlot van die vergadering ontvang om aan die bespreking deel te neem of te stem: Met dien verstande dat indien toestemming nie verleen word nie, die persoon hom of haar van die vergadering tydens sodanige bespreking of stemming moet onttrek.

(13) Die Raad kan in die algemeen, of in 'n bepaalde geval, aan 'n persoon of ampsbekleër waarnemerstatus verleen wat só 'n persoon geregtig maak om 'n Raadsvergadering of Raadsvergaderings by te woon.

(14) 'n Persoon met waarnemerstatus mag met die Raad se toestemming aan die debatte van die Raad deelneem, maar mag nie stem nie.

**20. Vaste Komitee van die Raad.**– (1) Die Vaste Komitee van die Raad word soos volg saamgestel –

(a) die Voorsitter van die Raad;

(b) die Ondervoorsitter van die Raad;

(c) die Rektor;

(d) twee Raadslede deur die Raad aangewys uit die geledere van Raadslede wat werknemers van die Universiteit is: Met dien verstande dat ten minste een van die lede wat aldus aangewys word, 'n Senaatslid moet wees; en

(e) twee Raadslede deur die Raad aangewys uit die geledere van Raadslede wat nie werknemers van die Universiteit is nie.

(2) Die ampstermyn van lede van die Vaste Komitee van die Raad soos bedoel in subparagraawe (1)(d) en (e) is twee jaar.

(3) Lede, wie se ampstermyne verstryk het, kan herkies word.

(4) Op versoek van die persoon wat as Voorsitter van die Vaste Komitee van die Raad by 'n vergadering optree, kan enige lid van die Raad as plaasvervangende lid in die plek van 'n afwesige lid van die Vaste Komitee dien: Met dien verstande dat werknemers net deur werknemers vervang word en nie-werknemers deur nie-werknemers, en met dien verstande voorts dat studente wat lede van die Raad is, nie as plaasvervangers vir afwesige lede mag optree nie.

**21. Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris van die Vaste Komitee en vergaderingsprosedure.**– (1) Die Ondervoorsitter van die Raad is *ex officio* die Voorsitter van die Vaste Komitee van die Raad en die Voorsitter van die Raad is *ex officio* die Ondervoorsitter van die Vaste Komitee van die Raad.

(2) In die afwesigheid van die Voorsitter van die Vaste Komitee van die Raad, tree die Ondervoorsitter van die Vaste Komitee van die Raad op as voorsitter van die Vaste Komitee van die Raad en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

(3) Vier lede van die Vaste Komitee van die Raad vorm 'n kworum.

(4) Die Vaste Komitee van die Raad bepaal sy eie vergaderingsprosedure met behoorlike inagneming van die algemeen aanvaarde norme van billike administratiewe proses.

(5) Die Registrateur is die Sekretaris van die Vaste Komitee van die Raad.

**22. Bevoegdhede en werksaamhede van die Vaste Komitee.**– (1) Wanneer die Raad nie vergader nie, kan die Vaste Komitee van die Raad, as verteenwoordiger van die Raad, die bevoegdhede van die Raad oorneem en namens die Raad optree.

(2) Die Vaste Komitee van die Raad doen aan die Raad verslag oor die handeling van die Vaste Komitee ingevolge subparagraaf (1), welke handeling by die eersvolgende Raadsvergadering bekragtig of hersien word, na gelang van die geval.

(3) Die Raad kan aan die Vaste Komitee van die Raad die bevoegdheid gee, in die algemeen of in die besonder, om sake namens die Raad af te handel, in welke geval die Vaste Komitee net aan die Raad verslag doen en dit nie nodig is dat die handeling van die Vaste Komitee van die Raad deur die Raad bekragtig of hersien word nie.

(4) Waar die Raad aan die Vaste Komitee van die Raad die bevoegdheid gegee het om sake af te handel soos in subparagraaf (3) beoog, moet die Raad ten minste elke vier jaar die gedelegeerde bevoegdhede bekragtig of hersien.

(5) Die Registrateur moet 'n volledige gekonsolideerde rekord hou van alle gedelegeerde bevoegdhede soos bedoel in subparagraaf (3).

(6) Die Vaste Komitee van die Raad kan die bevoegdhede wat deur die Raad, hierdie Statuut en die Institusionele Reëls aan hom verleen is, insluitende die bevoegdhede verleen

ingevolge subparagraaf (3), verder na 'n komitee of individu deleger soos in die Institusionele Reëls uiteengesit, behalwe in gevalle waar die Raad uitdruklik tot die teendeel bepaal het.

**23. Komitees.**– (1) Benewens 'n Vaste Komitee van die Raad, stel die Raad 'n Oudit- en Risikobestuurskomitee, 'n Menslike Hulpbronkomitee en 'n Beleggingskomitee aan en bepaal hulle werksaamhede en bevoegdhede.

(2) Die Raad kan enige ander komitee aanstel, asook gesamentlike Raads- en Senaatskomitees.

(3) Die samestelling, verkiesing, dienstermyn en werksaamhede van komitees word deur die Raad bepaal.

(4) Die Raad kan persone op die komitees benoem wat nie Raadslede is nie.

## HOOFSTUK 6

### SENAAT

**24. Werksaamhede.**– (1) Die Senaat verrig sy werksaamhede onder die beheer van die Raad en is wat akademiese, navorsings- en gemeenskapsbetrokkenheidsaangeleenthede betref, teenoor die Raad verantwoordbaar soos in artikel 28(1) van die Wet beoog.

(2) Die Senaat het die volgende werksaamhede –

(a) akademiese beplanning en ontwikkeling;

(b) regulering van alle werksaamhede van die Universiteit met betrekking tot onderrig, leer en navorsing, met inbegrip van –

(i) riglyne vir die aanstelling en bevordering van akademiese werknemers;

(ii) riglyne vir die organisering, struktuur en beheer van onderrig, leer, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid aan die Universiteit;

(iii) beheer en toesig oor studente-evaluering; en

(iv) kwaliteitsversekering met betrekking tot onderrig, leer en navorsing;

(c) om aanbevelings by die Raad te maak oor onder andere die volgende aangeleenthede –

(i) die instelling, samesmelting of afskaffing van fakulteite, departemente, institute, buro's, navorsingseenhede en sentrums;

(ii) die instelling of afskaffing van grade, diplomas, programme, leergange, vakke en kursusse;

(iii) die leergange vir grade, diplomas en programme en die inhoud van kursusse en vakke: Met dien verstande dat in geval van sertifikate vir kortkursusse, die Senaat sy bevoegdhede aan die fakulteitsrade mag deleger;

(iv) die algemene toelatingsbeleid van die Universiteit;

(v) die beheer, bedryf en ontwikkeling van die biblioteek;

- (vi) die toekenning van eregrade;
  - (vii) akademiese drag en grade- en diplomaplegtighede;
  - (viii) georganiseerde studentelewe, met inbegrip van studentedienste en studentedissipline;
  - (ix) die keuring van kandidate vir aanstelling as Kanselier, Rektor en Viserektor; en
  - (x) die aanstelling en bevordering van akademiese werknemers van die Universiteit;
- (d) om gesamentlik met die Raad, soos bepaal deur artikel 37(4) van die Wet, die volgende goed te keur –
- (i) die taalbeleid van die Universiteit;
  - (ii) toelatingsvereistes vir bepaalde akademiese programme;
  - (iii) die aantal studente wat tot 'n bepaalde program toegelaat kan word en die wyse waarop hulle gekeur word;
  - (iv) die minimum vereistes vir hertoelating tot die Universiteit en die weiering van studente wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie; en
- (e) om enige ander funksie te verrig wat die Raad aan die Senaat mag toewys of delegeer.

**25. Samestelling.**– (1) Die Senaat word soos volg saamgestel:

- (a) Persone wat *ex officio* lede van die Senaat is, naamlik –
- (i) die Voorsitter van die Raad;
  - (ii) die Ondervoorsitter van die Raad;
  - (iii) die Rektor;
  - (iv) die Viserektore;
  - (v) die Uitvoerende Direkteure;
  - (vi) die Dekane en Adjunkdekane asook enige akademiese werknemers met soortgelyke status en wat spesifiek as lede deur die Senaat aangewys is;
  - (vii) die Hoofde van akademiese departemente;
  - (viii) die Akademiese werknemers met soortgelyke status as die Hoofde van akademiese departemente en wat spesifiek as lede deur die Senaat aangewys is;
  - (ix) die Registrateur;
  - (x) die Voorsitters van skole;
  - (xi) die Voorsitter van die Institusionele Forum.
- (b) Lede wat aangewys of verkies word, naamlik –
- (i) vier lede deur die VSR aangewys;
  - (ii) twee werknemers, wat nie reeds Senaatslede is nie, verkies uit die geledere van die permanente akademiese werknemers;
  - (iii) twee werknemers, wat nie reeds Senaatslede is nie, verkies uit die geledere van die permanente nie-akademiese werknemers.

(c) die Direkteure van die ondersteuningsafdelings wat vir die volgende werksaamhede binne die Universiteit verantwoordelik is, mag die Senaatsvergaderings as waarnemers bywoon: die biblioteek; gemeenskapsbetrokkenheid; onderwysinnovasie; navorsingsondersteuning; institusionele navorsing en beplanning; akademiese administrasie asook die Direkteur van Studentesake en die direkteur van enige ander ondersteuningsdiens wat spesifiek deur die Voorsitter van die Senaat genooi word om by te woon.

(2) Toevallige vakatures in die kategorie van lede wat aangewys of verkies word, word soos in subparagraaf (1)(b) uiteengesit vir die onverstreke gedeelte van die vorige bekleër se termyn gevul.

**26. Ampstermyne.**– (1) Die persone in paragraaf 25(1)(a) bedoel, is lede van die Senaat vir solank as wat hulle die betrokke poste beklee.

(2) Die ampstermyne van verteenwoordigers van die VSR is dieselfde as dié van die VSR wat hulle aangestel het.

(3) Alle ander lede se ampstermyne is vier jaar: Met dien verstande dat lede wie se ampstermyne verstryk het, herkies of weer aangewys kan word.

(4) Indien 'n studentevrteenwoordiger tot die VSR herkies word, kan hy of sy vir 'n verdere termyn as 'n studentevrteenwoordiger aangewys word: Met dien verstande dat 'n studentevrteenwoordiger se lidmaatskap outomaties verval as hy of sy nie meer 'n ingeskrewe student is nie of deur 'n dissiplinêre liggaam van die Universiteit aan 'n oortreding skuldig bevind word.

(5) Die lidmaatskap van 'n lid van die Senaat word beëindig indien die lid deur 'n bepaalde belangegroep gekies of aangewys is om die betrokke belangegroep te verteenwoordig en die Senaatslid se verbintenis met die belangegroep beëindig word.

**27. Verkiesings- en aanwysingsprosedures.**– (1) Die proses vir die aanwysing en verkiesing van lede word deur die Registrateur gereël.

(2) Die studenteledes op die Senaat word op 'n gewone of spesiale vergadering van die VSR aangewys volgens die aanwysingsprosedure van die VSR.

(3) Die twee lede uit die geledere van die permanente akademiese werknemers en die twee lede uit die permanente nie-akademiese werknemers word verkies ingevolge die proses in subparagraaf (4) uiteengesit.

(4) Die Registrateur reël en beheer 'n verkiesing om Senaatslede uit die geledere van die werknemers aan te wys:

(a) Die Registrateur bied binne 'n redelike tyd voor 'n bepaalde verkiesingsdatum –



- (i) aan elke permanente akademiese werknemer 'n geleentheid om 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers te nomineer om die permanente akademiese werknemers op die Senaat te verteenwoordig; en
  - (ii) aan elke permanente nie-akademiese werknemer 'n geleentheid om 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers te nomineer om die permanente nie-akademiese werknemers op die Senaat te verteenwoordig.
- (b) Elke genomineerde kandidaat moet deur ten minste tien permanente werknemers gesekondeer word (in geval van 'n akademiese genomineerde moet hulle akademiese werknemers wees en in geval van 'n nie-akademiese genomineerde moet hulle nie-akademiese werknemers wees), nie reeds 'n Senaatslid wees nie en skriftelik teenoor die Registrateur aandui dat hy of sy die nominasie aanvaar.
- (c) Na die sluiting van die nominasies tref die Registrateur reëlings vir 'n verkiesing volgens algemeen aanvaarde verkiesingsprosedures.
- (d) Permanente akademiese werknemers stem vir vakatures wat deur die permanente akademiese werknemers gevul moet word en permanente nie-akademiese werknemers stem vir vakatures wat deur permanente nie-akademiese werknemers gevul moet word.
- (e) 'n Verkiesing is net geldig indien ten minste vyftien persent van die permanente akademiese werknemers of permanente nie-akademiese werknemers, na gelang van die geval, daaraan deelgeneem het.
- (f) Die Registrateur bepaal, na oorleg met die Direkteur van Menslike Hulpbronne, of 'n werknemer van die Universiteit, of 'n werknemer van die Universiteit wat gesamentlik deur die Universiteit en 'n ander liggaam aangestel is, as 'n akademiese of 'n nie-akademiese werknemer kwalifiseer.
- (g) Indien 'n werknemer ingevolge sy of haar pligstaat beide akademiese as nie-akademiese pligte verrig, word die spesifieke werknemer geag 'n akademiese werknemer te wees.
- (h) Die Registrateur maak so gou as moontlik op 'n gepaste tyd die name van die lede bekend wat behoorlik verkies is.

**28. Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris.**– (1) Ingevolge artikel 26(4)(a) van die Wet is die Rektor die Voorsitter van die Senaat.

(2) Die Senaat kies 'n ander Senaatslid om as Ondervoorsitter van die Senaat te dien.

(3) Die Ondervoorsitter beklee die amp vir 'n termyn van twee jaar, maar kan herkies word.

(4) In die afwesigheid van die voorsitter tree die Ondervoorsitter van die Senaat as voorsitter op en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

(5) Indien die amp van Ondervoorsitter om enige ander rede as tydsverloop vakant word, kies die Senaat 'n opvolger vir die onverstreke deel van die ampstermyn van die voorganger.

(6) Die Registrateur is die Sekretaris van die Senaat.

**29. Skedulering van vergaderings en vergaderingsprosedure.**– (1) Die Senaat vergader ten minste een keer per semester.

(2) Die Senaat bepaal sy eie vergaderingsprosedure met behoorlike inagneming van die algemeen aanvaarde norme van billike administratiewe proses.

(3) Vyf en sewentig (75) lede van die Senaat vorm 'n kworum.

(4) Die Registrateur gee minstens sewe dae voor 'n vergadering skriftelik aan elke lid kennis van die datum, tyd en plek asook die sakelys van die vergadering.

(5) Lede wat bykomende besprekingspunte op die sakelys wil plaas, moet dit minstens nege dae voor die datum van 'n vergadering skriftelik by die Sekretaris indien.

(6) Die Registrateur hou notule van elke vergadering.

(7) Dringende sake kan tydens 'n vergadering met die instemming van die voorsitter en 'n meerderheid van die aanwesige lede op die sakelys geplaas word vir bespreking of bespreking en afhandeling.

(8) Behoudens 'n andersluidende Senaatsbesluit, neem die Senaat besluite deur 'n meerderheidstem van aanwesige lede.

(9) Normaalweg word daar deur die opsteek van hande gestem, maar die Senaat kan in 'n bepaalde geval op 'n ander prosedure besluit.

(10) Waar die Senaat oor die verkiesing van 'n persoon stem, geskied die stemming per geslote stembrief, maar die Senaat kan in 'n bepaalde geval op 'n ander proses besluit.

(11) Die voorsitter van die vergadering het 'n gewone en 'n beslissende stem.

(12) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering belê: Met dien verstande dat die besprekingspunte gestel en kortliks gemotiveer is.

(13) Die voorsitter moet op versoek van minstens vyf en twintig Senaatslede 'n buitengewone vergadering belê op 'n tyd deur hom of haar bepaal: Met dien verstande dat die versoek op skrif is en die besprekingspunte gestel en kortliks gemotiveer is.

(14) Die voorsitter besluit of waarnemers vergaderings mag bywoon en/of daartydens mag praat.

**30. Samestelling van die Uitvoerende Bestuur.**– (1) Die Uitvoerende Bestuur van die Senaat word soos volg saamgestel –

(a) die Rektor;

(b) die Viserektore;

(c) die Uitvoerende Direkteure;

(d) die Dekane van fakulteite;

- (e) die Voorsitters van komitees van die Senaat wat nie reeds lede van die Uitvoerende Bestuur is nie;
- (f) die Senaatsverteenwoordigers op die Raad ingevolge paragaraaf 35(1) verkies wat nie reeds lede van die Uitvoerende Bestuur is nie; en
- (g) die Registrateur.

(2) Die Direkteure van ondersteuningsafdelings en enige ander persoon genooi deur die Rektor, mag die vergaderings van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat op uitnodiging bywoon.

(3) Die liggame wat geregtig is om lede aan te wys of te verkies, wys lede aan of verkies hulle ingevolge die liggame se interne aanwysings- of verkiesingsprosedures.

(4) Die Uitvoerende Bestuur van die Senaat is geregtig om lede te koöpteer.

(5) Die Registrateur is die Sekretaris van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat.

(6) Die voorsitter soos bedoel in paragaraaf 31(1) besluit of waarnemers vergaderings mag bywoon of daartydens mag praat.

**31. Voorsitter en Ondervoorsitter van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat en vergaderingsprosedure.**– (1) Die Rektor is die Voorsitter van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat: Met dien verstande dat in die afwesigheid van die Rektor, 'n beskikbare Viserektor as voorsitter waarneem.

(2) Indien nóg die Rektor nóg enige van die Viserectore beskikbaar is, kies die Uitvoerende Bestuur van die Senaat uit hulle eie geledere 'n voorsitter vir die vergadering.

(3) Die helfte van die lede van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat plus een lid vorm 'n kworum.

(4) Die Uitvoerende Bestuur van die Senaat bepaal sy eie vergaderingsprosedure met behoorlike inagneming van die algemeen aanvaarde norme van billike administratiewe proses.

**32. Bevoegdhede en werksaamhede van die Uitvoerende Bestuur.**– (1) Wanneer die Senaat nie vergader nie, kan die Uitvoerende Bestuur van die Senaat, as verteenwoordiger van die Senaat, die bevoegdhede van die Senaat uitoefen en die werksaamhede van die Senaat, veral ten opsigte van akademiese beplanning, verrig.

(2) Die Uitvoerende Bestuur van die Senaat doen aan die Senaat verslag oor die handeling van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat ingevolge subparagraaf (1): Met dien verstande dat die handeling by die eersvolgende Senaatsvergadering bekragtig of hersien word.

(3) Die Senaat kan aan die Uitvoerende Bestuur van die Senaat die bevoegdheid gee, in die algemeen of in die besonder, om sake namens die Senaat af te handel in welke geval die Uitvoerende Bestuur van die Senaat net aan die Senaat verslag doen, maar die handeling nie deur die Senaat bekragtig of hersien word nie.

(4) Waar die Senaat aan die Uitvoerende Bestuur van die Senaat die bevoegdheid gegee het om sake af te handel soos beoog in subparagraaf (3), moet die Senaat ten minste elke vier jaar die gedelegeerde bevoegdheid of bevoegdhede bekragtig of hersien.

(5) Die Registrateur moet 'n volledige gekonsolideerde rekord hou van alle gedelegeerde bevoegdhede soos bedoel in subparagraaf (3).

(6) Die Uitvoerende Bestuur van die Senaat moet voor elke Senaatsvergadering vergader, behalwe in geval van 'n buitengewone vergadering van die Senaat.

**33. Komitees van die Senaat.**– (1) Benewens die Uitvoerende Bestuur van die Senaat, wys die Senaat 'n aantal komitees aan om die Uitvoerende Bestuur van die Senaat in staat te stel om sy werksaamhede te kan verrig, naamlik die –

- (a) Aanstellingskeurkomitees wat die Raad moet adviseer oor die aanstelling van akademiese werknemers;
- (b) Roosterkomitee;
- (c) Appèlkomitee van die Senaat (Studentedissipline);
- (d) Fakulteitsrade;
- (e) Senaatskomitee vir Navorsing en Nagraadse Studie (insluitende die Komitee vir Navorsingsetiek en -integriteit);
- (f) Senaatskomitee vir Studentelewe;
- (g) Appèlkomitee vir Akademiese Uitsluitings;
- (h) Senaatskomitee vir Onderrig en Leer;
- (i) Senaatskomitee vir Studentegevalle; en
- (j) Senaatskomitee vir GIBS.

(2) Die Senaat kan enige ander komitee aanwys, met inbegrip van gesamentlike Raads- en Senaatskomitees: Met dien verstande dat laasgenoemde in oorleg met die Raad aangewys word.

(3) Die werksaamhede van alle komitees van die Senaat word gekoördineer deur en geskied onder die beheer en toesig van die Uitvoerende Bestuur van die Senaat.

(4) Die Uitvoerende Bestuur kan die bevoegdhede wat deur die Senaat, hierdie Statuut en die Institusionele Reëls aan hom verleen is, met inbegrip van die bevoegdhede verleen ingevolge paragraaf 32(3), verder na 'n komitee van die Senaat of 'n individu delegeer soos in die Institusionele Reëls uiteengesit, behalwe in gevalle waar die Senaat tot die teendeel besluit het.

(5) Die Uitvoerende Bestuur van die Senaat se verslagdoening aan die Senaat sluit verslagdoening oor die werksaamhede van die komitees van die Senaat in.

(6) Die Senaat nomineer en verkies lede en voorsitters van die komitees. 'n Persoon wat nie 'n lid van die Senaat is nie, kan as lid van 'n Senaatskomitee verkies word.

(7) Aangeleenthede wat betrekking het op die samestelling, verkiesing, termyne, werksaamhede en prosedures van komitees wat nie hierbo gereël word nie, word in die Institusionele Reëls gereël.

**34. Fakulteite.**– (1) Die Universiteit beskik oor sodanige fakulteite, skole en departemente (hetsy dit onderafdelings van fakulteite is of nie) wat die Raad, na oorlegpleging met die Senaat, van tyd tot tyd mag instel.

(2) Die fakulteitsraad van elke fakulteit is 'n komitee van die Senaat.

(3) Die volgende aangeleenthede met betrekking tot fakulteitsrade word in die Institusionele Reëls omskryf –

(a) die samestelling van die rade: Met dien verstande dat slegs akademiese werknemers van die Universiteit op fakulteitsrade mag dien;

(b) hulle bevoegdhede en werksaamhede;

(c) hulle prosedures;

(d) die keuring van kandidate vir die posisie van Dekaan, Adjunkdekaan of persone met soortgelyke status;

(e) die aanwysing van komitees van die fakulteit en die wyse waarop hulle werksaamhede bepaal word; en

(f) hulle delegasiebevoegdhede.

(4) Die Dekaan van die betrokke fakulteit is *ex officio* voorsitter van die fakulteitsraadsvergadering.

(5) In die afwesigheid van die Dekaan tree die Adjunkdekaan, of die waarnemende Dekaan na gelang van die geval, as voorsitter op en by beide die Dekaan en Adjunkdekaan of waarnemende Dekaan se afwesigheid, kies die aanwesige lede by 'n fakulteitsraadsvergadering uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

(6) Elke fakulteit kan 'n advieskomitee hê wat ingevolge die Institusionele Reëls funksioneer.

**35. Senaatsverteenwoordigers op die Raad.**– (1) Die Senaat kies drie verteenwoordigers uit die geledere van die Senaat om as Raadslede vir 'n termyn van vier jaar te dien: Met dien verstande dat ten minste een verteenwoordiger gekies moet word uit die geledere van Senaatslede van die natuurwetenskaplike fakulteite (insluitende die gesondheidswetenskappe en veeartsenykunde) en ten minste een verteenwoordiger gekies moet word uit die geledere van Senaatslede van die geesteswetenskaplike fakulteite.

(2) Persone wat *ex officio* reeds lede van die Raad is, word nie as kandidate oorweeg nie.

(3) Die Registrateur moet minstens sewe dae voor 'n Senaatsvergadering aan alle lede skriftelik kennis gee van 'n verkiesing om 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers van die Senaat te kies om op die Raad te dien.

(4) 'n Persoon is 'n kandidaat indien hy of sy tydens 'n Senaatsvergadering deur ten minste twee persone genomineer is en mondelings of skriftelik aandui dat hy of sy die nominasie aanvaar.

(5) Lede, wie se ampstermyn verstryk het, mag herkies of weer aangewys word.

(6) Die verkiesing geskied by wyse van geslote stembriewe en 'n meerderheid van die persone aanwesig by die Senaatsvergadering moet vir die suksesvolle kandidaat stem.

(7) Indien geen kandidaat 'n meerderheid stemme verwerf nie, vind opeenvolgende stemrondes plaas.

(8) In elke opeenvolgende stemronde word die kandidaat met die minste stemme uitgeskakel.

(9) Nadat die Senaat die verteenwoordigers verkies het, word hul name deur die voorsitter bekend gemaak.

(10) Toevallige vakatures word gevul, met die nodige veranderings, soos hierbo uiteengesit.

## HOOFSTUK 7

### FAKULTEITE EN FAKULTEITSRADE

**36. Werkzaamhede, samestelling en prosedures.**— Hierdie aangeleenthede word gereël in paragraaf 34 en die Institusionele Reëls van die Universiteit.

## HOOFSTUK 8

### INSTITUSIONELE FORUM

**37. Werkzaamhede.**— (1) Die Institusionele Forum adviseer die Raad en Hoofbestuur oor die volgende aangeleenthede wat die Universiteit raak –

(a) die implementering van die Wet en die nasionale beleid op hoër onderwys;

(b) die formulering van 'n beleid oor ras- en geslagsgelykheid;

(c) die keuring van kandidate vir senior bestuursposisies;

(d) gedragskodes;

(e) bemiddeling en geskilbeslegtingsprosedures;

(f) die formulering van beleid ter bevordering van 'n institusionele kultuur gekenmerk deur verdraagsaamheid, respek vir basiese menseregte en 'n positiewe akademiese klimaat; en

(g) die bestuur van kulturele diversiteit op die Universiteit se kampusse.

(2) Die advies van die Institusionele Forum aan die Raad en Hoofbestuur word skriftelik deur die Voorsitter van die Institusionele Forum verskaf.

(3) Die Institusionele Forum verrig bykomende werkzaamhede wat deur die Raad of Hoofbestuur bepaal word.

(4) Die Raad kan, na oorleg met die Institusionele Forum, die mandaat van die Institusionele Forum in subparagraaf (3) bedoel, wysig of beëindig.

**38. Samestelling.**– Die Institusionele Forum word soos volg saamgestel –

- (a) twee verteenwoordigers van die Hoofbestuur van die Universiteit deur die Rektor aangewys;
- (b) twee verteenwoordigers van die Raad deur die Raad aangewys;
- (c) twee verteenwoordigers van die Senaat deur die Senaat aangewys;
- (d) hoogstens vyf verteenwoordigers verkies uit die geledere van die vakbonde en personeelverenigings wat as sodanig deur die Universiteit erken word, soos in paragraaf 40(3) uiteengesit;
- (e) een lid deur TuksAlumni aangewys;
- (f) een gestremde persoon (óf 'n werknemer óf 'n student) deur die Raad aangestel;
- (g) nie meer as tien studenteverteenwoordigers nie, aangestel ooreenkomstig 'n aanwysingsprosedure van die VSR, soos uiteengesit in die Institusionele Reëls; en
- (h) hoogstens drie personeel- of studenteledede, deur die Raad aangewys na oorleg met die Institusionele Forum –
  - (i) op grond van hulle kundigheid en ervaring; of
  - (ii) om 'n belangegroep of belangegroeppe op kampus te verteenwoordig wat nie reeds op die Institusionele Forum verteenwoordig is nie: Met dien verstande dat 'n werknemer of student wat deur 'n dissiplinêre komitee van die Universiteit aan wangedrag skuldig bevind is, nie 'n lid van die Institusionele Forum mag wees nie.

**39. Ampstermyn.**– (1) Die ampstermyn van alle lede van die Institusionele Forum, uitgesonderd die lede wat aangewys word deur die VSR en studenteledede gekoöpteer ingevolge paragraaf 38(h), is vier jaar.

(2) Die ampstermyn van studenteledede stem ooreen met die ampstermyn van die VSR wat hulle aangestel het.

(3) Die ampstermyn van studenteledede wat ingevolge paragraaf 38(h) gekoöpteer word, is een jaar.

(4) 'n Lid kan vir 'n volgende termyn herkies, aangewys of gekoöpteer word wanneer sy of haar ampstermyn verstryk.

(5) 'n Studentelid se lidmaatskap van die Institusionele Forum word outomaties beëindig indien die lid nie meer 'n ingeskrewe student is nie.

(6) Die lidmaatskap van 'n lid van die Institusionele Forum word beëindig indien die lid deur 'n bepaalde belangegroep gekies of aangewys word om die betrokke belangegroep te

verteenwoordig en die lid se lidmaatskap van of verbintenis met die belangegroep beëindig word of indien die lid deur die belangegroep geskors word.

**40. Verkiesingsprosedure.**– (1) Die Registrateur fasiliteer die proses ingevolge waarvan lede verkies, aangewys of gekoöpteer word.

(2) Die betrokke liggame wat geregtig is om lede aan te wys of te verkies, wys lede aan of verkies hulle ingevolge die liggame se interne aanwysings- of verkiesingsprosedures, maar met 'n sensitiwiteit vir geslag en ras.

(3) Elke vakbond en personeelvereniging wat deur die Universiteit erken word, is geregtig op een verteenwoordiger: Met dien verstande dat sodanige verteenwoordiger deur die lede van die vakbond of personeelvereniging uit die geledere van die werknemers van die Universiteit verkies moet word, en met dien verstande voorts dat indien daar meer as vyf vakbonde en personeelverenigings is wat aldus kwalifiseer, net die vyf vakbonde en personeelverenigings met die grootste lidmaatskap onder die werknemers van die Universiteit geregtig is om verteenwoordigers aan te wys.

(4) Net lede van die VSR mag aangewys word as studentevteenwoordigers op die Institusionele Forum.

**41. Voorsitter en Ondervoorsitter.**– (1) Die Institusionele Forum verkies 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter uit die geledere van die lede van die Institusionele Forum.

(2) Die ampstermyne van die Voorsitter en die Ondervoorsitter stem onderskeidelik ooreen met hulle ampstermyne as lede van die Institusionele Forum.

(3) Indien die amp van Voorsitter of Ondervoorsitter vakant word, kies die Institusionele Forum by die eerskomende vergadering 'n opvolger.

(4) Die Voorsitter van die Institusionele Forum gee telkens terugvoering aan die Institusionele Forum van die Raad se aanvaarding, gedeeltelike aanvaarding of verwerping van die Institusionele Forum se advies.

(5) Die Institusionele Forum kies 'n Sekretaris: Met dien verstande dat die Registrateur, of 'n werknemer deur hom of haar aangewys, die Sekretaris kan bystaan of in sy of haar plek kan optree.

**42. Bestuurskomitee, taak- en werkgroepe.**– (1) Die Institusionele Forum kan van taak- en werkgroepe gebruik maak om die werksaamhede van die Institusionele Forum te vergemaklik en te bespoedig.

(2) Die Institusionele Forum wys 'n Bestuurskomitee aan om die Institusionele Forum van dag tot dag te beheer, bestuur en administreer.

(3) Die Bestuurskomitee van die Institusionele Forum word soos volg saamgestel –

(a) die Voorsitter van die Institusionele Forum;



(b) die Ondervoorsitter van die Institusionele Forum; en

(c) drie lede deur die Institusionele Forum aangewys van wie een, maar nie meer as twee nie, 'n student moet wees.

(4) Die Bestuurskomitee van die Institusionele Forum bepaal sy eie vergaderingsprosedure met behoorlike inagneming van die algemeen aanvaarde norme van billike administratiewe prosedures.

(5) Die kworum vir 'n vergadering van die Bestuurskomitee van die Institusionele Forum is drie lede.

(6) Die ampstermyn van die drie lede in subparagraaf (3)(c) bedoel, stem ooreen met hulle onderskeie ampstermyne as lede van die Institusionele Forum.

(7) Die Registrateur, of 'n werknemer deur hom of haar aangewys, is verantwoordelik vir die administratiewe dienste wat die Bestuurskomitee mag benodig.

**43. Vergaderingsprosedure.**– (1) Die Institusionele Forum bepaal sy eie vergaderingsprosedure met behoorlike inagneming van die algemeen aanvaarde norme van billike administratiewe prosedures.

(2) Agt lede van die Institusionele Forum vorm 'n kworum.

(3) Besluite van die taak- en werkgroepe bind nie die Institusionele Forum nie en derhalwe is daar geen kworumvereiste vir vergaderings van hierdie liggame nie.

(4) Die Sekretaris hou volledige notule van alle vergaderings van die Institusionele Forum, insluitende vergaderings van die taak- en werkgroepe.

(5) Minstens vier dae voor 'n vergadering stuur die Sekretaris van die Institusionele Forum, by wyse van skriftelike kennisgewing, aan elke lid 'n sakelys wat onder andere die datum, plek en tyd van die vergadering asook die sake vir behandeling vermeld.

(6) Lede wat bykomende besprekingspunte op die sakelys wil plaas, rig 'n skriftelike versoek aan die Sekretaris minstens twee dae voor die datum van die vergadering.

(7) Die voorsitter kan te eniger tyd en met vier dae kennisgewing 'n buitengewone vergadering belê met vermelding van die besprekingspunt of besprekingspunte.

(8) Die voorsitter moet op versoek van minstens agt lede van die Institusionele Forum 'n buitengewone vergadering belê: Met dien verstande dat die versoek op skrif is en die besprekingspunte kortliks gestel en gemotiveer is.

**44. Besluitneming.**– (1) Indien ten minste vyf en sewentig persent van die aanwesige lede by 'n vergadering óf ten gunste van óf teen 'n bepaalde voorstel stem, het die Institusionele Forum 'n besluit geneem: Met dien verstande dat waar 'n besluit geneem moet word oor die geskiktheid van 'n persoon om in 'n posisie aangestel te word, 'n besluit deur die meerderheid aanwesige lede die besluit van die Institusionele Forum sal wees.

(2) Waar die Raad die Institusionele Forum versoek om die Raad oor 'n spesifieke aangeleentheid te adviseer en geen voorstel voor die Institusionele Forum die steun van vyf en sewentig persent van die aanwesige lede geniet nie, is die voorsitter verplig om binne twee weke 'n opvolgvergadering te belê.

(3) Indien die Institusionele Forum tydens die opvolgvergadering nie 'n adviesbesluit neem nie, moet die Bestuurskomitee van die Institusionele Forum, in oorleg met die lede van die Institusionele Forum, 'n opsomming van die verskillende standpunte op die Institusionele Forum formuleer en dit aan die Raad voorlê.

(4) Waar die Institusionele Forum 'n adviesbesluit geneem het wat aan die Raad voorgelê word, is 'n lid of lede met 'n minderheidstandpunt of minderheidstandpunte geregtig om die minderheidstandpunt of standpunte skriftelik te formuleer en deur bemiddeling van die Bestuurskomitee van die Institusionele Forum aan die Raad voor te lê.

## HOOFSTUK 9

### KONVOKASIE

#### 45. Lidmaatskap.– Die Konvokasie bestaan uit –

(1) alle persone, anders as die persone na verwys in subparagraaf (2), wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut lede van die Konvokasie van die Universiteit was;

(2) die Rektor, Viserektore, Uitvoerende Direkteure, die Registrateur, Dekane van fakulteite, die permanente akademiese werknemers van die Universiteit, emeritusprofessore, ander afgetrede akademiese werknemers en sodanige ander persone as wat die Raad bepaal; en

(3) alle persone wat 'n kwalifikasie, soos goedgekeur deur die Senaat en Raad, van die Universiteit verwerf het: Met dien verstande dat indien enige persoon wat ingevolge subparagraawe (1) of (3) 'n lid van die Konvokasie is of sal word, die Raad skriftelik in kennis stel dat hy of sy nie 'n lid wil wees of word nie, sal sodanige persoon by ontvangs van sodanige kennisgewing deur die Raad ophou om 'n lid te wees of nie 'n lid word nie, na gelang van die geval.

46. **President.**– (1) Daar is 'n President van die Konvokasie wat deur die Konvokasie uit eie geledere verkies word vir 'n tydperk van vyf jaar; Met dien verstande dat die uittrede President herkiesbaar is.

(2) Die President se termyn word beëindig indien –

(a) sy of haar boedel gesekwestreer word;

(b) hy of sy aan 'n misdaad skuldig bevind word wat volgens die uitsluitlike oordeel van die Raad van so 'n ernstige aard is dat sy of haar voortgesette lidmaatskap van die Konvokasie nie wenslik is nie;

(c) hy of sy die ouderdom van sewentig jaar bereik het;

(3) Indien die amp van President vakant word, tree die Rektor as President op totdat die Konvokasie op sy volgende vergadering 'n opvolger kies vir die onverstreke deel van die ampstermyn van die voorganger.

**47. Verkiesing van President.**– (1) Wanneer die Konvokasie 'n President moet kies, maak die Registrateur in die pers en op enige ander toepaslike wyse bekend dat skriftelike nominasies van kandidate ingewag word.

(2) Elke nominasie word deur minstens vier lede onderteken, bevat die aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onder sy of haar handtekening en word minstens drie weke voor die verkiesing by die Registrateur ingedien.

(3) Indien net een persoon genomineer word, verklaar die Registrateur die persoon onverwyld as behoorlik verkies.

(4) Indien meer as een persoon genomineer word, kies die Konvokasie 'n President by wyse van elektroniese stemming of op enige ander wyse waarvoor daar voorsiening gemaak word in die Institusionele Reëls.

**48. Vergaderings.**– (1) Die Registrateur hou die rol daarvan en dit is verpligtend vir elke lid van die Konvokasie om die Registrateur van tyd tot tyd van enige adresverandering in kennis te stel.

(2) Behoudens die bepalings van subparagraaf (3) tree die President, of indien hy of sy afwesig is, die Rektor, by vergaderings van die Konvokasie as voorsitter op en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die vergadering.

(3) Die President of, indien die amp van President vakant is of indien hy of sy in gebreke bly om dit te doen, die Registrateur, belê minstens een keer in twee jaar 'n vergadering van die Konvokasie in Pretoria.

(4) 'n Buitengewone vergadering van die Konvokasie kan te eniger tyd deur die President in oorleg met die Rektor belê word of, indien hy of sy in gebreke bly om dit te doen, deur die Registrateur, op skriftelike versoek van minstens twee honderd lede: Met dien verstande dat die doel van die vergadering in sodanige versoek vermeld word en dat geen ander sake as dié wat in die kennisgewing vermeld word tydens die vergadering behandel word nie.

(5) Die Registrateur maak minstens twee weke voor die vasgestelde datum van 'n vergadering die tyd, datum en plek van die vergadering asook die sake vir behandeling elektronies via e-pos, op die Universiteit se webtuiste of op enige ander wyse waarvoor daar voorsiening gemaak word in die Institusionele Reëls, bekend.

(6) Twee honderd lede van die Konvokasie vorm 'n kworum vir enige vergadering van die Konvokasie.

(7) Verkiesing van lede van die Konvokasie tot die Raad geskied soos volg:

(a) Die Raad bepaal die vereiste kundigheid en ervaring van die persoon of persone wat verkies word.

- (b) Die Registrateur plaas 'n advertensie in ten minste twee nasionale koerante en op die Universiteit se webtuiste waarin hy of sy 'n uitnodiging rig aan organisasies, belangegroeppe en individue om lede van die Konvokasie te nomineer om vanweë hul kundigheid en ervaring, soos deur die Raad bepaal, op die Raad te dien: Met dien verstande dat indien die advertensies volgens die Raad se mening nie bevredigende reaksie ontlok het nie, die Raad mag versoek dat die advertensie weer geplaas word.
- (c) Die President van die Konvokasie, die Rektor, die Voorsitter van die Raad en die Voorsitter van TuksAlumni of hul onderskeie verteenwoordigers sal 'n lys opstel van die mees geskikte kandidate van die lede van die Konvokasie wat genomineer is ingevolge paragraaf 48(7)(b): Met dien verstande dat ten minste twee persone per vakante posisie op die kortlys geplaas sal word indien twee of meer nominasies ontvang is. In die geval van 'n staking van stemme oor of 'n kandidaat op die kortlys geplaas moet word al dan nie, moet die toepaslike kandidaat op die kortlys geplaas word. Indien 'n lid van die kortlyskomitee genomineer word as kandidaat om op die Raad van die Universiteit te dien, moet die lede van die liggaam waaraan hy/sy behoort 'n plaasvervanger aanwys om in sy/haar plek op die kortlyskomitee te dien.
- (d) Indien die getal persone wat genomineer word nie meer is as die getal wat verkies moet word nie, verklaar die Registrateur die persoon of persone onverwyld as behoorlik verkies.
- (e) Lede van die Konvokasie sal 'n persoon of persone kies uit dié wat ingevolge paragraaf 48(7)(c) op die kortlys geplaas is, om die vakante posisie of posisies soos geïdentifiseer ingevolge paragraaf 48(7)(a) te vul.
- (f) Die verkiesingsproses vind plaas onder toesig van die Registrateur en moet binne 'n redelike tyd afgehandel word.
- (g) Die verkiesing kan by wyse van elektroniese stemming plaasvind of op enige ander wyse soos bepaal deur die Institusionele Reëls om dit vir soveel as moontlik lede van die Konvokasie moontlik te maak om te stem.

**49. Voorlê van besluite aan die Raad.**— 'n Afskrif van enige besluit van die Konvokasie geneem op 'n vergadering van die Konvokasie, welke afskrif behoorlik deur die Voorsitter van die Konvokasie en die Registrateur onderteken is as 'n ware weergawe van die vergadering, word deur die Registrateur aan die Raad voorgelê: Met dien verstande dat die Konvokasie enige aangeleentheid wat met die Universiteit verband hou of deur die Raad na die Konvokasie verwys is, mag bespreek en sy standpunte daarvoor aan die Raad mag oordra.

## HOOFSTUK 10

### GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

**50. Bevoegdheid.**– (1) Die Universiteit kan, behoudens die bepalings van hierdie Statuut, die grade toeken soos aanbeveel deur die Senaat en akademies toepaslik geag deur die Raad.

(2) Behalwe soos in paragraaf 51 bepaal word, mag die Universiteit nie 'n graad toeken aan iemand wat nie in 'n eksamen of ander toets die voorgeskrewe peil van bekwaamheid bereik het nie.

(3) Die Universiteit kan 'n diploma of sertifikaat toeken aan iemand wat 'n goedgekeurde studiekursus gevolg het, soos bepaal deur die Senaat en Raad, en die voorgeskrewe peil van bekwaamheid bereik het.

(4) Die Universiteit kan 'n sertifikaat aan iemand toeken wat 'n studiekursus gevolg het wat deur die Senaat of 'n entiteit onder die Universiteit se beheer goedgekeur is.

**51. Eregrade.**– (1) Behoudens die bepalings van hierdie paragraaf kan die Universiteit, by besluit van die Raad en Senaat, sonder 'n eksamen 'n doktorsgraad soos toepaslik geag *honoris causa* toeken aan iemand wat die Universiteit so 'n graad waardig ag: Met dien verstande dat iemand aan wie 'n graad *honoris causa* toegeken is nie op grond van sodanige toekenning geregtig is om 'n beroep te beoefen nie.

(2) Met die oog op die toekenning van 'n eregraad word 'n kandidaat gekeur deur 'n komitee wat bestaan uit die Uitvoerende Bestuur van die Senaat met byvoeging van die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad: Met dien verstande dat die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad elk 'n lid van die Raad kan aanwys om hom of haar in die keurkomitee te verteenwoordig.

(3) Die naam van die kandidaat wat deur die keurkomitee aanbeveel word, word aan die Senaat voorgelê.

(4) Die Senaat stem sonder voorafgaande bespreking met geslote stembriewe oor die kandidaat wat deur die keurkomitee aanbeveel is: Met dien verstande dat die Senaat nie 'n voorstel wat nie deur die keurkomitee aanbeveel is nie, bespreek of behandel nie.

(5) Die naam van die kandidaat wat 'n gewone meerderheid van die stemme van die lede van die Senaat wat tydens die stemming teenwoordig was, behaal het, word aan die Raad voorgelê.

(6) Die Raad stem sonder voorafgaande bespreking met geslote stembriewe oor die kandidaat wat deur die Senaat aanbeveel is: Met dien verstande dat die Raad nie 'n voorstel wat nie deur die keurkomitee en die Senaat aanbeveel is nie, bespreek of behandel nie.

(7) Die eregraad word toegeken aan die kandidaat ten gunste van wie 'n meerderheid van die lede van die Raad aanwesig op die vergadering, gestem het en wel op die tyd en plek soos deur die Rektor bepaal: Met dien verstande dat geen eregraad postuum toegeken word nie.

**52. Kongregasie en toekenning van grade.**– (1) Met die oog op die toekenning van grade word 'n vergadering van die lede van die Universiteit gehou, wat 'n Kongregasie genoem word.

(2) 'n Kongregasie staan onder voorsitterskap van die Kanselier of, in sy of haar afwesigheid, die Rektor of 'n Viserektor.

(3) 'n Kongregasie van die Universiteit word minstens een keer per jaar gehou op 'n datum wat aan die begin van elke akademiese jaar bekend gemaak word.

(4) Die prosedure wat betref die voorstelling van graduandi, die verlening van grade *in absentia*, die akademiese drag en alle ander sake wat kongregasies raak en waarvoor in hierdie hoofstuk geen voorsiening gemaak word nie, word deur die Uitvoerende Bestuur van die Senaat bepaal, met inagneming van die advies van die Senaat.

## HOOFSTUK 11

### WERKNEMERS

**53. Aanstelling.**– Behoudens die bepalings van artikel 34 van die Wet, word werknemers deur die Raad aangestel ooreenkomstig die personeelbeleide neergelê in die Institusionele Reëls van die Universiteit.

**54. Diensvoorwaardes.**– Die diensvoorwaardes, wat insluit die vasstelling en hersiening van werknemers se salarisse en alle ander vorme van vergoeding word deur die Raad goedgekeur in ooreenstemming met die Universiteit se beleid soos vervat in die Institusionele Reëls, wat van tyd tot tyd deur die Raad gewysig mag word.

**55. Evaluering.**– Alle werknemers van die Universiteit is onderhewig aan deurlopende evaluering van die nakoming van hul pligte en sodanige evaluering kan aan vergoeding gekoppel word.

**56. Personeeldisipliene.**– Met behoud van die toepaslike arbeidswetgewing, is alle werknemers onderhewig aan 'n dissiplinêre kode, 'n dissiplinêre prosedure en 'n griewe-prosedure soos deur die Raad goedgekeur en in die Institusionele Reëls uiteengesit.

**57. Verteenwoordigende werknemersorganisasies.**– Die Raad of die Rektor handelende op die gedelegeerde bevoegdheid van die Raad, mag ooreenkomste rakende diensvoorwaardes ooreenkomstig die tersaaklike arbeidswetgewing met verteenwoordigende werknemersorganisasies sluit.

## HOOFSTUK 12

### STUDENTE

**58. Toelating en registrasie van studente.**– (1) Soos bedoel in artikel 37 van die Wet, word iemand net deur die Raad toegelaat om as student te registreer indien hy of sy aan die wetlike vereistes, indien enige, vir studie aan die Universiteit voldoen en voorts voldoen aan enige ander vereistes bepaal deur die Raad en die Senaat en neergelê in die Institusionele Reëls.

(2) By registrasie, hetsy vir 'n graad, diploma, sertifikaat of een of meer vakke of modules, onderwerp 'n student hom of haar aan die Institusionele Reëls van die Universiteit soos vervat in die tersaaklike publikasies van die Universiteit.

(3) Die toelatingsvereistes tot die verskillende fakulteite of ander akademiese entiteite word in die Institusionele Reëls vervat en kan deur die Raad gewysig word na raadpleging met die Senaat: Met dien verstande dat die Raad sy bevoegdheid aan die Senaat en die onderskeie fakulteitsrade kan delegeer.

(4) 'n Student is geregistreer vir een jaar op 'n keer of vir sodanige korter tydperk as wat die Raad in die algemeen of in 'n besondere geval bepaal.

(5) Ten einde sy of haar registrasie te hernu na verstryking van die periode in subparagraaf (4) bedoel, moet 'n student voldoen aan die voorwaardes wat deur die Senaat gestel word: Met dien verstande dat die Senaat sy bevoegdheid in hierdie verband aan die onderskeie fakulteitsrade kan delegeer.

(6) Indien 'n student nie aan die voorwaardes soos bedoel in subparagraaf (5) voldoen nie, kan die Raad weier om die student se registrasie te hernu: Met dien verstande dat die Raad sy bevoegdheid aan die Senaat en die onderskeie fakulteitsrade kan delegeer.

(7) Die voorwaardes soos bedoel in subparagraaf (5) kan insluit die betaling van agterstallige gelde, akademiese wanprestasie en dissiplinêre aangeleenthede.

**59. VSR.**– Die studente van die Universiteit word in aangeleenthede wat hulle raak, deur die VSR verteenwoordig wat optree ooreenkomstig die bepalinge van die VSR se grondwet, wat ondergeskik is aan die Institusionele Reëls van die Universiteit.

(2) Net studente wat vir 'n diploma of graad aan die Universiteit geregistreer is, mag as lede van die VSR verkies word.

(3) Geen student wat deur 'n dissiplinêre komitee van die Universiteit skuldig bevind is van oortreding van die Universiteit se dissiplinêre kode sal verkies word om op die VSR te dien nie en 'n bestaande lid van die VSR wat aldus skuldig bevind word, sal dadelik sy of haar pos ontruim.

(4) Die VSR, soos bedoel in artikel 35 van die Wet, moet verteenwoordigend wees van die studentebevolking.

(5) Lede van die VSR word op 'n demokratiese en deursigtige wyse verkies.

(6) Die ampstermyn van lede van die VSR is een jaar.

(7) Die voorregte van lede van die VSR word deur die Raad bepaal en kan deur die Raad herroep word.

(8) Die VSR word saamgestel en funksioneer ingevolge 'n Grondwet, asook die bepalings van hierdie Statuut en die Institusionele Reëls.

(9) Die VSR Grondwet of enige wysiging daarvan moet, na oorlegpleging met die VSR, deur die Raad goedgekeur word.

(10) Indien die Raad van mening is dat die VSR nie in staat is om behoorlik te funksioneer nie, kan die Raad:

- (a) die VSR Grondwet herroep;
- (b) tussentydse reëlings tref vir die funksionering van die VSR; of
- (c) 'n proses van stapel stuur om 'n nuwe VSR Grondwet op te stel.

**60. Dissipline.**— Die dissiplinêre maatreëls en bepalings wat op studente van toepassing is, word ooreenkomstig artikel 36 van die Wet in die Institusionele Reëls uiteengesit en kan deur die Raad gewysig word na oorlegpleging met die Senaat en die VSR soos bepaal in artikel 32(2)(d) van die Wet.

## HOOFSTUK 13

### DONATEURS

**61. Donateurs.**— Die Universiteit mag gelde, goedere of dienste van enige aard van donateurs ontvang ten einde die Universiteit van hulp te wees met die verskaffing van gehalte onderrig en ondersteuningsdienste.

**62. Vereistes vir donateurs.**— (1) Enige persoon of entiteit, wat nie 'n staatsorgaan is nie en wat 'n bepaalde skenking aan die Universiteit doen, word geag 'n donateur te wees: Met dien verstande dat indien 'n regspersoon 'n skenking maak, die verteenwoordiger van sodanige regspersoon geag word 'n donateur te wees, en met dien verstande voorts dat net donateurs wat 'n groter skenking gemaak het as die bedrag soos bedoel in subparagraaf (2) vir 'n tydperk van vyf jaar geregtig is om twee lede van die Raad te kies ooreenkomstig paragraaf 15(1).

(2) Die skenking in subparagraaf (1) bedoel, by wyse van hetsy geld as enkelbedrag of 'n aantal kleiner bedrae, hetsy eiendom as 'n enkele bate of 'n aantal bates, hetsy geld en eiendom saam, moet minstens 'n bedrag wees of gewaardeer wees teen minstens 'n bedrag wat die Raad van tyd tot tyd vasstel.

(3) Die tydperk wat 'n persoon geag 'n donateur te wees, is vyf jaar, bereken vanaf die tydstip waarop die skenking voldoen aan die vereistes wat in subparagraaf (2) gestel word.



(4) In geval van 'n donateur wat, na voldoening aan die vereistes van subparagraaf (2), verdere skenkings doen, word die tydperk van vyf jaar bereken vanaf die laaste datum waarop daar aan die vereistes van subparagraaf (2) voldoen word.

**63. Verkiesing deur donateurs.**– (1) Die Registrateur maak in die pers en op enige ander toepaslike wyse bekend dat skriftelike nominasies van kandidate ingewag word.

(2) Elke nominasie word deur minstens twee donateurs onderteken, bevat die aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onder sy of haar handtekening en word minstens vier weke voor die verkiesing by die Registrateur ingedien.

(3) Indien die getal persone wat genomineer word nie meer is as die getal wat verkies moet word nie, verklaar die Registrateur die persoon of persone onverwyld as behoorlik verkies.

(4) Indien meer persone genomineer word as wat verkies moet word, lê die Registrateur die nominasies aan 'n vergadering van die donateurs voor vir 'n finale beslissing.

(5) Die Rektor tree by die vergadering van donateurs as voorsitter op, en indien hy of sy afwesig is, kies die aanwesige donateurs uit eie geledere iemand om tydens die vergadering as voorsitter op te tree.

(6) Vyf donateurs vorm 'n kworum. Indien minder as vyf donateurs teenwoordig is, sal die Registrateur kennis van 'n verdere vergadering gee. Die aantal donateurs aanwesig by sodanige vergadering sal geag word 'n kworum te wees.

## HOOFSTUK 14

### HERROEPING VAN VORIGE STATUUT

**64. Herroeping van vorige Statuut.**– Die Statuut van die Universiteit van Pretoria wat gepubliseer is in die Staatskoerant No. 25852 in Staatskoerantkennisgewing No. R1830 van 24 Desember 2003, word hiermee herroep met ingang van die datum waarop hierdie Statuut in werking tree.

## HOOFSTUK 15

### OORGANGSBEPALINGS

**65. Oorgangsbepalings.**– (1) By die inwerkingtreding van hierdie Statuut, sal die bestaande Raad, Raadskomitees, Senaat, Senaatskomitees en Fakulteitsrade geag saamgestel te wees ingevolge hierdie Statuut en sal hulle voortgaan om hul funksies te verrig.

(2) Enige besluit van die Raad, Raadskomitees, Senaat, Senaatskomitees en Fakulteitsrade wat voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut geneem is, sal geag geneem te wees ingevolge hierdie Statuut.

(3) Daar sal geen onderbreking wees in die regspersoonlikheid van die Universiteit soos dit voorheen bestaan het en na die inwerkingtreding van hierdie Statuut nie.

(4) Hierdie Statuut het geen effek op die regte en verpligtinge wat die Universiteit teen enige regspersoon het nie of wat enige regspersoon teen die Universiteit mag gehad het voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut nie, behalwe waar daar spesifiek hiervoor voorsiening gemaak is.

(5) Die ampstermyne van Kōnvokasieledede op die Raad van die Universiteit sal op 9 Oktober 2012 verstryk.

---